

A. AKADEMIESE GELETTERDHEIDS

Lees die volgende teks oor advertensie en antwoord dan die veelkeusevrae wat daarop volg.

Die Invloed van Advertensie

1. Advertensie was aanvanklik bedoel om mense bewus te maak van goedere wat op die mark beskikbaar was. Dit was so eenvoudig as om aan te kondig wat jy in jou winkel het of watter dienste jy op jou perseel aanbied. Deur die jare het advertensie in 'n belangrike bedryf ontwikkel wat veel verder gaan as om bloot inligting te verskaf; hulle het sover gegaan as oorreding en beïnvloeding. Dit is nou 'n vorm van breinspoeling op verbruikers.

2. Advertensie het 'n soort kultuur met vurige volgelinge geword. Deur die proses lok dit benydenswaardige aandag uit van vervaardigers en diensleweraars wat graag hulle mededingers een voor wil wees. Ongelukkig, in ooreenstemming met die immer-groeiende eise van die vervaardigers, het adverteerders hulle daartoe gewend om onnodige behoeftes en buitensporige verbruikersgedrag by ons almal te skep. Dit is 'n drang na skadelike produkte waarsonder ons beter af is. Dit maak jag op ons gedagtes en maak ons total irrasioneel. Die reklameborde,

en televisie- en radio-advertensies teiken ons van 'n vroeë ouderdom af, en dit vorm ons beskouing van die wêreld in ons grootwordjare.

3. Die opvatting dat die media hoofsaaklik daar is om ons van nuus te voorsien, is nie werklik waar nie. Om die waarheid te sê, die media is daar om 'n groot genoeg gehoor bymekaar te kry, hulle as 'n baie duur handelsartikel te verpak, and hulle dan aan die adverteerders te verkoop. Die adverteerders aan die ander kant, is altyd op die uitkyk vir 'n teiken-gehoor om hulle te oortuig dat 'n sekere produk of diens beter as die van die mededinger is.

4. In 'n neutedop, advertensie beïnvloed mense. Die meeste advertensies is vol beeldmateriaal wat emosionele welsyn gelykstel aan die verkryging van materiële goed, en wat onafhanklikheid en ontspanning met die gebruik van alkohol assosieer. Advertensie laat mense hulle liefde op dinge eerder as op regte mense uitstort, en daardeur word menslike verhoudings verwoes. Ons sit

vasgevang in die web van advertensie waar sekere handelsmerke soos die van bier en sigarette ons gedagtes oorneem, en so ons kerngesinswaardes tot niet maak.

[Aangepas uit

<http://www.englishdaily626.com/comprehension.php?340>. Soos op 20 Maart 2015]

- 1 Die oorkoepelende doel van paragraaf 1 is om die volgende te doen: (kommunikatiewe funksie)**
 - a. die leser in te lei in die basiese begrippe van advertensie
 - b. die leser in te lig dat advertensie dieselfde as breinspoeling is
 - c. aan te dui dat advertensie beteken om aan te kondig wat in jou winkel is
 - d. aan te dui dat advertensie verander het om beïnvloeding te word.

- 2 In paragraaf 4 lees ons dat “Die meeste advertensies onafhanklikheid en ontspanning met die gebruik van alkohol assosieer.” Dit dui aan dat advertensie hoofsaaklik die boodskap oordra dat (inferensie)**
 - a. onafhanklikheid en ontspanning mense aanmoedig om alkohol te drink
 - b. onafhanklikheid en ontspanning altyd saam met alkoholgebruik gaan
 - c. onafhanklikheid en ontspanning mense in staat stel om te rus
 - d. die gebrek aan onafhanklikheid en ontspanning dit onmoontlik maak om te rus

- 3 In die eerste sin van paragraaf 2, dui die frase “het ... geword” aan dat die verandering in advertensie: (grammatika/sintaksis)**
 - a. in die verlede begin en in die verlede geëindig het
 - b. gister begin en gister geëindig het
 - c. in die verlede begin het en steeds voortgaan
 - d. gister begin het en more sal eindig

- 4 In paragraaf 2, kan die woord “vurige” vervang word deur die woord: (woordeskat)**
 - a. passievol
 - b. obsessiewe
 - c. medelydende
 - d. energieke


- 5 In paragraaf 2, lees ons: “Dit is ’n drang na skadelike produkte waarsonder ons beter af is.” “Dit” verwys hoofsaaklik na: (kohesie/verband)**
- a. benydenswaardige aandag
 - b. buitensporige verbruikersgedrag
 - c. onnodige behoeftes
 - d. immer-groeiende eise
- 6 Watter een van die volgende stellings beskryf die verhouding tussen paragraaf 1 en paragraaf 2 die beste? (diskoers)**
- a. Paragraaf 2 neem oor van paragraaf 1.
 - b. Paragraaf 2 verstewig die argument van paragraaf 1.
 - c. Paragraaf 2 bevestig die argument van paragraaf 1.
 - d. Paragraaf 2 ontwikkel die punt aan die einde van paragraaf 1.
- 7 Die hoofgedagte in paragraaf 3 is dat (essensieel/nie-essensieel)**
- a. die media en adverteerders verskillende doelwitte wil bereik
 - b. die media en adverteerders mekaar komplementeer
 - c. beide die media en adverteerders dieselfde verbruikers teiken
 - d. die media en adverteerders graag mededingers wil oortref
- 8 In paragraaf 2, beteken die frase “graag ... een voor wil wees” : (metafoor)**
- a. om plesier te vind daarin om voor iemand te staan
 - b. om te wens dat iemand agter sal bly
 - c. te begeer om voordeel bo ander te hê
 - d. te hoop om ’n kans te hê om nommer een te wees
- 9 Die skrywer se houding teenoor advertensie in hierdie teks kan die beste beskryf word as: (teksgenre)**
- a. neutraal
 - b. positief
 - c. negatief
 - d. ondersteunend

B. KWANTITATIEWE GELETTERDHEIDS

Wat nou volg is voorbeelde van die KG toetsvrae wat u kan verwag. Verwys na tabel 3 wanneer u deur die vrae werk. Voorbeelde is dikwels nuttig, maar om direk “vir die toets” te onderrig sal ware interaksie met die onderwerpe wat getoets word voorkom. Die Nasionale Normtoets Projek (NBTP) stel geen NBT toetsvraestelle aan die publiek beskikbaar nie. Dit beteken dat alle kandidate ’n gelyke kans het en dit voorkom die negatiewe uitwerking van onderrig “vir die toets”.

Vraag 1: Data hantering

Hierdie data kom van die Statistics SA webwerf en die grafiek is ’n “Verspreiding van landbou-huishoudings volgens die soort boerdery-aktiwiteit en die provinsie.” Studente behoort te weet hoe om grafieke van verskeie tipes te ontwerp en op te stel, sodat hulle sal weet hoe om hulle te lees en te interpreteer. Studente behoort byvoorbeeld in staat te wees om die waardes af te lees van die grafiek hieronder. Hulle behoort ook te besef dat die horisontale as die provinsies verteenwoordig en die vertikale as die persentasie of proporsies van huishoudings in verskillende wedersyds - uitsluitende kategorieë verteenwoordig.



1.1 Ongeveer watter persentasie van landbou-huishoudings was betrokke in die boerdery-aktiwiteit “Slegs gewasse” in Limpopo?

- A) 20 % B) 33 % C) 54 % D) 80 %


1.2 Ongeveer watter persentasie van landbou-huishoudings in Limpopo was nie betrokke in die boerdery-aktiwiteit "Slegs gewasse" en "Gemengde boerdery" nie?

- A) 4 % B) 20 % C) 50 % D) 80 %

Vraag 2: Vorm, dimensie en ruimte

Studente behoort die terme te verstaan wat gebruik word vir verskillende vorms (Silinder, kubus, reghoek, ens.), asook die terme wat gebruik word om hulle eienskappe te beskryf, soos oppervlakte, volume, omtrek, radius en deursnit. Hulle behoort ook in staat te wees om hierdie aspekte te bereken deur die gegewe formules te gebruik. Studente behoort ook die verskil tussen die radius en die deursnit van 'n vorm te ken. Hulle behoort ook 'n skaaldiagram te interpreteer sowel as 2-dimensionele afbeeldings van 3-dimensionele voorwerpe soos in die diagram hieronder te begryp.


Die diagram hieronder wys die sy-aansig van 'n apparaat in 'n laboratorium. Dit bestaan uit 'n koniese glasfles, 'n kurk, en 'n aantal pypies. Die fles het 'n ronde basis. Die diagram is volgens skaal op ruitpapier geteken waar elke blokkie 5 mm x 5 mm verteenwoordig.



2.1 Wat is die radius van die bokant van die fles waar die kurk inpas?

- A) 10 mm B) 20 mm C) 40mm D) 80mm

2.2 Watter grafiek verteenwoordig die verwantskap tussen tyd en volume die beste wanneer vloeistof in 'n koniese fles ingepomp word?



- A) Graph A B) Graph B C) Graph C D) Graph D

Vraag 3: Hoeveelheid, getal en bewerkinigs


Stdente behoort in staat te wees om antwoorde uit te werk of te skat vir bewerkings binne 'n gegewe konteks.

'n Laerskool het 40 onderwysers en 160 leerders in die skool. Wat is die verhouding (ratio) van onderwysers tot leerders?

- A) 1:3 B) 1:4 C) 2:4 D) 3:4

Vraag 4: Verandering en koers

| Bestuurder | Roete | Tyd in minute |
|------------|---------------|---------------|
| W | D tot C | 30 |
| X | A tot D tot C | 40 |
| Y | A tot B | 35 |
| Z | A tot B tot C | 60 |



Watter bestuurder het die vinnigste gery tussen die verskillende punte?

- A) Bestuurder W B) Bestuurder X C) Bestuurder Y D) Bestuurder Z

Vraag 5: Ratios

Studente behoort te weet wat 'n proporsie verteenwoordig en in staat wees om ratios te interpreteer.

Die tabel verteenwoordig die aantal enkelspel tenniskampioenskappe wat deur mans gewen is vanaf 1974 tot 2014.


| Tennisspeler | Tenniskampioenskappe (Grand Slam) | | | | Totaal |
|----------------|-----------------------------------|-----------|-----------------|-----------------|--------|
| | Franse Ope | Wimbledon | Australiese Ope | Amerikaanse Ope | |
| Roger Federer | 1 | 7 | 4 | 5 | 17 |
| Rafael Nadal | 9 | 2 | 1 | 2 | 14 |
| Pete Sampras | 0 | 7 | 2 | 5 | 14 |
| Novak Djokovic | 0 | 2 | 5 | 1 | 8 |
| Jimmy Connors | 0 | 2 | 1 | 5 | 8 |
| Total | 10 | 20 | 13 | 18 | 61 |

Watter proporsie van die Australiese Ope tenniskampioenskappe het Novak Djokovic gewen?

- A $\frac{5}{13}$ B $\frac{5}{8}$ C $\frac{5}{61}$ D $\frac{8}{5}$

Vraag 6: Maatstawwe van sentrale neiging

Studente behoort die betekenis van gemiddeld, modus en mediaan te ken en in staat te wees om hulle te bereken vir 'n gegewe stel data. Hulle behoort ook die eienskappe van die maatstawwe van sentrale neiging te ken. Verder behoort hulle frekwensie-tabelle te begryp en dat die data grafies geïllustreer kan word.



In watter verspreiding is die modus, mediaan en gemiddeld dieselfde?

- A) X B) W C) Y D) Z

Vraag 7: Waarskynlikheid

Student behoort te weet dat waarskynlikheid 'n getal is wat gebruik word om die waarskynlikheid dat 'n gebeurte sal plaasvind te meet en verteenwoordig word deur 'n getal tussen 0 en 1, waar 0 aandui dat dit onmoontlik is dat 'n gebeurte sal plaasvind en 1 aandui dat dit seker is dat 'n gebeurte sal plaasvind.

'n Skoolorkes bestaan uit 40 leerders. Vyf van die leerders speel die dromme, 10 speel kitaar, 3 speel fluit en 2 speel saksofoon en die res van die leerders speel die trompet.

As 'n leerder uit die skoolorkes na willekeur gekies word, wat is die waarskynlikheid dat die leerder die kitaar speel?

- A) 0.25 B) 25% C) 0.50 D) 30%